**EKONOMIESE- EN BESTUURSWETENSKAPPE GRAAD 8**
**Finansiële geletterdheid: Beheer oor kontant**
**Aktiwiteit 5: Bankstaat**

**MEMORANDUM**

**Lees slegs die paragraaf gemerk "Eenheid 9" op bl. 52.**
**Moet NIE aktiwiteit 4 in die handboek doen NIE.**

**Vra gerus jou ouers/voog om jou te help met hierdie aktiwiteit aangesien hulle gereeld hul bankstate kontroleer.**

'n Bank (ABSA, FNB, Nedbank, ens.) hou ook rekord van alle deposito's en onttrekkings vanuit 'n onderneming se bankrekening. Bankstate kan op die internet besigtig word (indien die onderneming vir internetbankdienste geregistreer is). Indien nie, sal die bank maandeliks 'n staat aan die onderneming pos of e-pos.

Die bank sal 'n onderneming se rekeningsaldo: (kies die regte antwoord)

- vermeerder met 'n (debiet / **krediet inskrywing**)
- verminder met 'n (**debiet** / krediet **inskrywing**)

Onthou die bank is ook 'n besigheid en daarom sal daar "koste-inskrywings" op jou staat verskyn omdat hulle aan jou 'n diens gelewer het.

**Beskou die onderstaande Bankstaat**

| **VolopBank Bpk.** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Besonderhede** | **Debiet** | **Krediet** | **Saldo** | |
| 01/04/2020 | Saldo | | | 2 000 | Kt |
| 03/04/2020 | Deposito | | 10 800 | 12 800 | Kt |
| 05/04/2020 | Tjek 0010 | 4 000 | | 8 800 | Kt |
| 08/04/2020 | Deposito | | 3 550 | 12 350 | Kt |
| 17/04/2020 | Deposito | | 14 720 | A 27 070 | **Kt** |
| 22/04/2020 | Internetoordrag | 10 590 | | B 16 480 | **Kt** |
| 26/04/2020 | Deposito - Huurgeld | | 21 500 | C 37 980 | **Kt** |
| 28/04/2020 | Kontanthanteringsheffing | 55 | | D 37 925 | **Kt** |
| 30/04/2020 | Diensgeld | 126 | | E 37 799 | **Kt** |

**Beantwoord die onderstaande vrae:**

1. Indien die bankstaat 'n weergawe van jou banksake was, sou jy op 1 April 2020 R2 000 in die bank gehad het of sou jy met R2 000 oortrokke gewees het (m.a.w. sou jy die geld aan die bank geskuld het)? Motiveer jou antwoord.

**'n Kredietsaldo beteken dat die bank die geld aan jou skuld, dus sou jy R2 000 in die bank-rekening gehad het.**

2. Skryf die ontbrekende saldo's gemerk A – E op die bostaande bankstaat in.

**OPSOMMING**
**Dit is belangrik om gereeld bankstate te kontroleer sodat die onderneming kan sien:**

- Hoeveel bankkoste die bank uit hul rekening onttrek het vir al die dienste wat gelewer is.
- Of iemand dalk geld direk in die rekening gedeponeer het.
- Of daar enige uitbetalings op die bankstaat verskyn wat nog nie in die onderneming se boeke aangeteken is nie bv. debietorders / aftrekorders.
- Of enige bedrae verkeerdelik of weens bedrog uit die bankrekening onttrek is.